

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

DIE SHABBAT

LES 6: DIE GEES VAN ONGEHOORSAAMHEID

*En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, **van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk**, onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander. Ef. 2:1 tot 3*

Inleiding

1. Ons studie tot op hede bevestig dat die shabbatsgebod nie ophef is nie, en bevestig ook die belangrikheid van die shabbat. Vanaf Genesis tot Openbaring verklaar die Woord dat daar slegs een weeklikse rusdag is, en dit is die shabbat wat deur YHVH ingestel is en waarop Hy van die begin af gerus het. Die shabbat was aan die mens bekend vanaf die begin van die Skepping en was weer deur YHVH by die berg Sinai bevestig:

En op die berg Sinai het U neergedaal en met hulle gesprek uit die hemel, en U het aan hulle regte verordeninge en betroubare wette, goeie insettinge en gebooie gegee. En u heilige shabbat het U aan hulle bekend gemaak, en gebooie en insettinge en 'n wet deur die diens van u kneg Moses hulle beveel. Neh. 9:13 en 14

2. Die shabbatsgebod is nie vir die eerste keer by die berg Sinai aan Israel gegee nie. Nee, dit was deel van YHVH se skepping en was ook bekend aan Abraham, Isak en Jakob. Israel het die shabbat gedenk en geheilig, so ook het Yeshua Messias en die apostels, en soos deur die profeet Jesaja verklaar word, sal die shabbat vir ewig gedenk en afgesonder (geheilig) word.

Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek YHVH, so sal julle nageslag en julle naam

bestendig wees. En elke maand op die nuwemaan en elke week op die shabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê YHVH.
Jes. 66:22 en 23.

Hierdie teksvers is die bevestiging dat die shabbatsgebod steeds geldig is. Dit was van die begin af daar en sal vir ewig bly, want die shabbat is soos YHVH, onveranderbaar – dieselfde as gister, vandag en vir ewig.

Die Gees van Ongehoorsaamheid

1. Die shabbat is die gedenkteken en die weeklikse herinnering van YHVH se Skepping en van Sy skeppingskrag en skeppingsvermoë. Dit dien as 'n ewige herinnering van die feit dat YHVH die hemel en die aarde en alles wat daarin is geskape het.

*Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig 'n teken; **want** in ses dae het YHVH die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik.* Ex. 31:17

Die shabbat is die teken dat YHVH alles in 6 dae geskape het en ook 'n teken dat ons kan weet dat YHVH ons God is:

*En heilig my shabbatte; en hulle sal 'n teken wees tussen My en julle, dat julle **kan weet** dat Ek YHVH julle God is.* Eseg. 20:20

2. Die gees wat in die wêreld aan die werk is, wil juis die teken van die shabbat uitwis. Deur Sondagaanbidding in die plek van die shabbat daar te stel het die vyand grootliks in sy doel geslaag. Dit is **die gees van ongehoorsaamheid** (Ef. 2:2) en dit is na hierdie gees wat Daniël verwys:

*En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer **om tye en wet te verander**, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd.* Dan. 7:25

Wie is daar nog oor wat die shabbat steeds gedenk as 'n herinnering aan YHVH se skepping, asook 'n teken van heiligmaking (afgesonder en uitgeroep)(Ex. 31:13) en as 'n ewige verbond (Ex. 31:16)? Die Kerk verkondig nie hierdie waarheid nie en het dus deel aan die uitwissing van die shabbat as 'n teken!! Die Kerk is deel van die gees van ongehoorsaamheid, want hulle is daaraan skuldig dat hulle die tye (feestyte) en die wet (die Torah) verander.

3. Hierdie *owerste van die mag van die lug* wat in die kinders van ongehoorsaamheid werk (Ef. 2:2), is reeds vir eeue besig om op 'n geheime (subtiele) wyse die mens te skei van YHVH se Torah, naamlik van Sy onderrig en instruksies (2 Thess. 2:7).

For already this separating from Torah is at work secretly, but it will be secretly only until he who is restraining is out of the way. Then the one who embodies separation from Torah will be revealed, the one whom the Lord Yeshua will slay with the breath of his mouth.

2 Thess. 2:7 and 8 (Complete Jewish Bible).

Hierdie gees het die Kerk oortuig om YHVH se tye en wet te verander (Dan. 7:25). Hierdie is die gees van die Antimessias wat in die eindtyd gebeure homself sigbaar sal openbaar, maar wat deur Yeshua Messias verslaan sal word sodat die Torah weer die regmatige plek in die samelewing sal inneem. Dit is dan wanneer Jesaja se profesie (Jes. 66:23) vervul sal word: *En elke maand op die nuwemaan en elke week op die shabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê YHVH.*

4. Paulus waarsku ook in 2 Thess. 2:3 en 4 teen hierdie gees van ongehoorsaamheid wat in die mens van sonde sal manifesteer:

Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbedding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.

Die wyse hoe enige mens of bese mag (gesag) hom bo YHVH die Almagtige verhef, is deur YHVH se wet te verander en te vereis dat almal hieraan gehoorsaam moet wees. Dit is die Kerk wat aanspraak maak op die gesag om YHVH se shabbatsgebod te verander en ook vereis dat mense aan hierdie kerklike-gesag onderdanig moet wees. [Later in hierdie studie sal die geskiedenis van hoe die Kerk die shabbatsgebod verander het, bespreek word].

5. Hoe beskryf Yeshua hierdie vorm van aanbedding? *Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is* (Matt. 15:9). Soos Israel van ouds, toe hulle verval het in Baälgodsdiens, spreek die woorde van Elia vandag weereens tot elkeen:

En Elía het nader gekom na die hele volk en gesê: Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As YHVH God is, volg Hom na; en as Baäl dit is, volg hom na! Maar die volk het hom niks geantwoord nie. 1 Kon. 18:21.

6. Ons kan dit dalk waag om te glo dat YHVH aan ons genade betoon in tye van onkunde, maar wanneer ons met die waarheid gekonfronteer word, vereis YHVH dat ons ons onkunde as sonde bely en voortaan gehoorsaam sal wees.

YHVH het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer... Hand. 17:30.

Leef talle gelowiges in onkunde omrede die kerk die waarheid oor die shabbat van hulle volgelinge weerhou of is gelowiges daaraan skuldig dat hulle nie self die Woord van YHVH ondersoek nie? Ongeag wie te blameer is, skyn die lig van die waarheid helder en duidelik op die shabbatsgebod en die oortreders van YHVH se gebod moet met berou om vergifnis vra en begin om die shabbat te gedenk en dit te heilig. Die Woord van YHVH gaan in hierdie dae uit en spreek tot elkeen:

Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes. Jes. 58:1

Diegene wat tydens die groot verdrukking en tydens YHVH se oordeel staande gaan bly, is die heiliges (die afgesonderdes) **wat die geboorte van YHVH en die geloof in Yeshua** bewaar (Open. 14:12). Geloof in Yeshua as Messias en gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies vorm 'n eenheid. Dit kan nie van mekaar geskei word nie. Geloof is redding en gehoorsaamheid is die pad van die geregverdigde – die pad van heiligmaking.

7. Gehoorsaamheid is om te eet van die Boom van Lewe. Ons elkeen het die keuse tussen lewe en dood.

Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur YHVH jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae, sodat jy kan woon in die land wat YHVH aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee. Deut. 30:19 en 20

8. Ons elkeen moet 'n keuse tussen die waarheid en die leuen maak – tussen lewe en dood! Kies Lewe!! Kies om die shabbatte te gedenk en te heilig, want dit is om een met YHVH te wees.

*Who is on the Lord's side,
Always true?
There's a right and wrong side,
Where stand you?*

*Thousands on the wrong side
Choose to stand,
Still 'tis not the strong side,
True and grand.*

*Come and join the Lord's side:
Ask you why? –*

*'Tis the only safe side
By and by.
(F.E. Belden)*

YHVH se Dagboek

1. Die gees van ongehoorsaamheid wat werksaam is, poog ook om YHVH se afspraak met Sy kinders uit te wis.
2. Volgens Gen. 1:14 en Lev. 23:1 tot 4 is dit duidelik dat YHVH ons Vader 'n kalender het van vaste tye. Hierdie vaste tye is nie net die siklus van dae, weke, maande en jare nie, maar ook van bepaalde afspraak en byeenkomste wat deur YHVH self vasgestel en ingestel is.

Verder het Yahweh met Mosheh gepraat en gesê: Spreek met die kinders van Yiesraél en sê vir hulle: Die feestye van Yahweh wat julle moet uitroep as afgesonderde byeenkomste – dit is my feestye. Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag moet daar 'n dag van volkome rus wees, 'n afgesonderde byeenkoms; geen werk mag julle doen nie – dit is 'n Shabbat van Yahweh in al julle woonplekke. Dit is die feestye van Yahweh, die afgesonderde byeenkomste wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd.

Lev. 23:1 tot 4 – Woord en Getuienis

3. Hierdie afspraak (feestye, *mo'edim*) kan beskou word as ons Vader se afspraakkalender (dagboek) met Sy kinders. Hoewel ons enige tyd tot Vader-God kan nader, het Hy bepaal dat daar sekere tye en dae is wat Hy op 'n bepaalde wyse met ons wil ontmoet. Hierdie tye en dae het dan ook 'n bepaalde betekenis en is 'n wyse wat YHVH ons op gereelde basis wil herinner aan die betekenis daarvan.
4. Die eerste van hierdie afspraak is die weeklikse shabbat (Lev. 23:3) wat gevolg word deur die sewe jaarlikse afspraak (Lev. 23:5 tot 44). Hierdie afspraak is ewige instellings en word as geheel as die feestye van YHVH beskryf. Hierdie afspraak is geskeduleerde en afgesonderde (heilige) byeenkomste wat ook as feestye beskou word. Die klem is egter nie op die feestelike aspek nie, maar op die ontmoeting met YHVH. Dit is YHVH ons Vader wat die inisiatief neem en die mens wat slegs Sy uitnodiging aanvaar en betyds vir die afspraak opdaag. Hierdie is nie "godsdienstige feeste" nie, maar deel van ons pad van heiligmaking – 'n lewe as uitgeroepenes van YHVH wat vir Hom afgesonder is. Dit gaan dus nie oor wat die mens op hierdie dae moet doen nie, maar oor wat YHVH gedoen het, steeds doen en nog sal doen in die totale verlossingsplan deur Yeshua Messias.
5. Ons gedenk dus hierdie dae as herinneringe van dit wat YHVH deur Yeshua reeds gedoen het, besig is om te doen en nog sal doen. Dit is ook hoe die weeklikse shabbat gesien moet word. Deur geloof in Yeshua as

Messias word die belofte om in YHVH, ons Vader, se rus in te gaan 'n werklikheid (Heb. 4:1 tot 3). Die shabbat is 'n afbeelding (kleedrepetisie) van die ewige rus (ewige shabbat) wat ons deelagtig sal wees met Yeshua se wederkoms. Intussen "oefen" ons om te rus van ons werke en bekommernisse en om ons Vader te vertrou dat Hy in al ons behoeftes voorsien.

6. Die shabbat is daarom ook 'n dankseggings fees! Op hierdie dag ervaar ons daardie vrede wat alle verstand te bowe gaan en kan ons insae kry in YHVH se heiligheid, want Hy het hierdie dag geheilig (afgesonder).
7. Om YHVH se staande afspraak met Sy kinders te kanselleer is rebellie teen die gesag van die Almagtige. Dit is verwaandheid om YHVH se uitnodigings na die weeklkse shabbatte en die jaarlikse feestye van die hand te wys. Dit is ontheiliging van die shabbat en minagting van die vasgestelde tye soos deur YHVH bepaal is. Met die uitsondering van die pasga en pinkster het die Kerk die ander afspraak met YHVH gekanselleer. Dan moet bygevoeg word dat selfs die pasga met die afgodery van "Easter" besmet geraak het.
8. Ons moet ook onthou dat die sewe feeste van YHVH (Lev. 23:5 tot 44) ook dae bevat wat as "spesiale" shabbatte gedenk word. Deur nie YHVH se afspraak na te kom nie, word ook hierdie shabbatte ontheilig.

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. Sal 'n persoon wat nog nooit die evangelie gehoor het, en nog nooit die Woord van YHVH gelees het nie, ook tot die gevolgtrekking kom dat die shabbatsgebod opgehef is indien hy sonder enige menslike invloed net YHVH se woord bestudeer? Iemand het by geleentheid gesê: *If what you read make good sense, don't look for any other sense, because it may become nonsense.*
2. Sal jy 'n afspraak wat jou werkgewer met jou gemaak het nie nakom nie? Hoe sal jou werkgewer sulke optrede beskou? Ons weet hoe om op te tree teenoor aardse gesag. Tog is daar miljoene Christene wat weier om YHVH se afspraak na te kom!! Hulle weier om hulle te ondewerp aan die hoogste gesag in die hemel en op aarde!!
3. Al gehoor van kruidenierstrollie-gehoorsaamheid? Dit is om met jou trollie tussen die rakke van YHVH se Torah te stap en te kies waarvan jy hou en dit in jou "geestelike trollie" te pak. Jy sal egter by die betaalpunt uitvind dat jy dit nie kan bekostig nie!! MAAR, indien jy alles in jou trollie sou laai, sal jy alles by die betaalpunt verniet kry. Soek eers die koninkryk van YHVH en Sy geregtigheid en dan sal daar in al jou behoeftes voorsien word (Matt. 6:33).

*Almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!
Jes. 55:1*

Ontvang YHWH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.